GEDAGTE VIR DIE DAG

"Daar is 'n vrou aan die begin van alle groot dinge"

NUUSBRIEF 16 **03 Augustus 2022**

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die *Verenigde Nasies* het in 1975 gedurende 'n *Internasionale Vrouejaar* vir die eerste keer 'n *Internasionale Vrouedag* gevier. Twee jaar later het die Verenigde Nasies se algemene vergadering 'n resolusie aanvaar waarin 'n *Verenigde Nasionale Vrouedag* vir vroueregte en internasionale vrede verklaar is. Internasionale Vrouedag word op 8 Maart gevier, maar in Suid-Afrika vier ons dié besondere dag op 9 Augustus. 'n Spesiale Vrouedag-boodskap aan al die vroue van *Midstream Ridge*: *"'n Vrou is soos 'n horlosie. Van buite sien jy haar hande beweeg maar daar is iets binne in haar hart wat haar energie gee om voort te gaan. Dis GOD se GEES in haar. Sy gee rigting en almal kyk gedurig na haar om koers en orde te behou. Geniet vrouwees! JY is 'n pragtige vrou en 'n voorreg om te ken!"*

So, in Vrouemaand, is dit met leedwese dat ons afskeid neem van 'n formidabele vrou, Nicolette Vorster, na 'n kankerstryd van twee jaar. Nicolette was drie jaar by ons Nasorg-sentrum betrokke. Sy sal altyd onthou word as die klein vroutjie met die groot hart en 'n ewigdurende positiewe ingesteldheid.

BELANGRIKE BROKKIES

- **Grondslagfase (Gr. 1 – 3)**
  In die grondslagfase ontvang ouers reeds rondom week ses 'n breedvoerige vorderingsverslag oor die leerder. Hierdie verslag gee aan die ouers insig oor die leerder se aanpassing by die skool en in die klas.
- **Kalender**
  Klik asseblief op die skakel vir die nuutste kalender vir Augustus en September 2022. Die dele wat in geel uitgelig is, is veranderings of byvoegings. **AUG-SEP 2022**

INLIGTING

EDANA SELFOONTOEPASSING

Ons beoog om binnekort slegs van die skool se selfoontoepassing gebruik te maak vir kommunikasie aan ouers. Ons versoek u dus vriendelik om so spoedig moontlik dié toepassing af te laai. Klik asseblief op die skakel vir die prosedure om dié toepassing op u selfoon af te laai. **EDANA**

TENNIS LIGAWEDSTRYDE

Klik asseblief op die skakel vir die datums vir Kwartaal 3. **TENNIS LIGAWEDSTRYDE**

LANDLOOP

Ons landloopspan nooi u om deel te wees van die 2022 *SPAR Woman's Challenge* se virtuele resies. Deur hierdie inskrywings-skakel te gebruik, staan *Midstream Ridge Laerskool* 'n kans om R10,000 te wen!
https://itickets.co.za/register/new/465912?&referrer=School0011
Goodie Bags kan by *Rigde SPAR* afgehaal word deur *Olifantsfontein (Midstream Ridge)* as u punt van afhaal te selekteer.

SKAAK

Baie geluk aan die o/13-Skaakspan wat 'n derde plek behaal het en met 'n brons-toekenning beloon is by die *D4 Gauteng-Suid Finale* wat Saterdag, 30 Julie 2022, plaasgevind het. Die o/9-Skaakspan het 'n fantastiese vierde plek tydens dié kompetisie behaal.

o/13-Span	**o/9-Span**
Jonathan van Deventer (5E2)	Joshua Coetzee (3E1)
Arnoux du Toit (6A1)	Matthew Bolleurs (3E1)
Henry du Preez (7A3)	Graham Purchase (3E2)
Arman Bhudai (7E1)	Aiden Silver (3E3)
Luke Reyneke (7E2)	Caleb Duarte (3E3)
Nathaniel van Deventer (7E2)	Junior Netshimboni (3E3)

KAPERJOLLEDAG

Op Vrydag, 2 September, is daar groot kaperjolle by Midstream Ridge. Ons vier die volgende:

- Die skool se **negende verjaarsdag** met 'n stap en piekniek.
- **Boomplantdag:** Met die plant van broodnodige bome op die skoolterrein. Die boom van die jaar in die algemene kategorie, is die *Kannabasboom* en in die seldsame kategorie, die *Afrikaanse Huilboom*.
- **Loslitdag:** Leerders kom in Loslitdrag en tekkies skool toe ten bate van *Nuwe Hoop Skool*, teen 'n R20-donasie. Volg asseblief die skakel vir meer inligting. **LOSLITDAG 2022**

U sal later meer kommunikasie oor al die reëlings van ons Kaperjolledag ontvang.

SANESA PERDRY-UITSLAE

Baie geluk aan die volgende leerders met hul puik prestasies tydens die SANESA Gauteng Streeksfinaal Kompetisie, wat op 30 en 31 Julie, by Kyalami Park plaasgevind het. Die skool het tydens die Kernliga-seisoen boaan die ranglys in Ekurhuleni met 28 915 punte geëindig! Baie geluk!

Alice Spickett (5A1) Level 2 Show Jumping 2nd place Level 2 Show Jumping 18th place level 2 Dressage 11th & 13th place Level 1 Prix Caprilli 10th place Level 1 Handy Hunter 8th place	**Caitlin Spies (6A3)** Level 1 Equitation 19th Level 2 Show Jumping 18th Level 2 Dressage Test A 6th Level 2 Dressage Test B 7th	**Mila Cordier (7A1)** Level 2 Dressage Test A 5th place Level 2 Dressage Test B 3rd place level 1 Show Jumping 8th place
Bailey Polomé (6A2) Level 1 Dressage 9th place Level 2 Show Jumping 2nd place Level 1 In Hand Utility 3rd place	**Edith Otte (6A3)** Level 1 Working Riding 9th place Level 2 Show Jumping 3rd place	**Rylee Clarke (4E2)** Level 1 Show Jumping 7th place Level 1 Show Jumping 10th place
Zara Pappalardo (6E3) Level 7 Performance Riding 1st place Level 6 Equitation 1st place (won by an incredible 5.5 marks!!) Level 5 Dressage 2nd place Level 3 Prix Caprilli Test A 1st place		Level 7 Working Riding 1st place Level 5 Working Hunter 2nd place Level 5 Show Jumping 12th place Level 3 Prix Caprilli Test B 2nd place

HHCU FONDSINSAMELING

Die *Highveld Horse Care Unit* is 'n nie-winsgewende organisasie, betrokke by perderedding, rehabilitasie ens., wat totaal en al van donasies afhanklik is. Indien u belangstel om dié saak te ondersteun, klik asseblief op die volgende skakel. **HHCU FONDSINSAMELING**

SPRING FEST 10 SEPTEMBER 2022 SPRING FEST 2022

Kry jou kaartjies by: https://www.howler.co.za/events/midstream-springfest-bf37

Midstream Ridge-groete

VERNON HARMSE
SKOOLHOOF